





Leer oor die **KORONAVIRUS**

Inkleurboek




together.stjude.org

Jy mag baie mense dalk hoor praat
oor iets wat die koronavirus genoem
word. Koronavirus is 'n tipe virus
wat jou siek kan laat voel.



Koronavirus is 'n groot woord, maar
het jy geweet dat "korona" kroon
beteken? As jy na die koronavirus
onder 'n mikroskoop kyk, lyk 'n deel
van die virus soos 'n kroon.

Baie mense in die wêreld het al
siek geword, omdat die koronavirus
so maklik van persoon
tot persoon versprei.



Dit kan ook versprei wanneer jy aan
iets vat waarop die virus was, soos hande
of deurhandvatsels. Dis waarom jy mense
maskers sien dra.

Wanneer iemand die koronavirus het,
mag hulle 'n koors hê, baie moeg voel,
hoes of sukkel om asem te haal.



Meeste mense voel net vir 'n rukkie siek, en

VOEL GOU BETER

Dit voel baie soos wanneer jy verkoue of griep het.

together.stjude.org


Daar is dinge wat jy kan doen om te
keer dat jy die koronavirus kry,
en dit na ander versprei.



Het jy geweet as jy
JOU HANDE WAS
kieme soos koronavirus geweggaan?

Hou jou hande weg van jou gesig, oë, mond
en neus. Om ander veilig te hou, hoest of nies
in jou elmboog of in 'n tissue.

Jou hospitaal doen ook dinge om jou veilig
te hou. Verpleegsters mag jou dalk vra
of jy siek voel, of kyk of jy koors het.



Mediese personeel werk hard
om seker te maak dat almal

**VEILIG EN
GESOND BLY**

Party mense is bekommerd oor
al die veranderings deur koronavirus.
Hulle mag bekommerd wees dat hulle
dalk siek kan raak, of is bekommerd
oor hulle familie.



'n Manier om nie so bekommerd te wees nie,
is om vir iemand te vertel hoe jy voel, of om
vir hulp te vra. As jy bekommerd is, moenie
bang wees om met iemand daaroor te praat nie.